

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Maart 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit eewge mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gewee.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Gebed

Skrifberyming 4-2:1, 4 (Sb 2)

- 1 Loof nou die God van Israel / wat op sy volk se roepstem merk,
wat na sy vaste bondsbestel / vir ons verlossing wil bewerk.
Hy het 'n horing opgerig: / 'n sterkte in Dawids huis gestig,
tot heil van al sy knegte. / Profetestem het dit geprofeteer
van aanbegin af, altyd weer, / totdat die raad vervul was van die Heer.
- 4 Jy sal, o kind, vooruit moet gaan / om voor die Heer se aangesig
die weë voor sy voet te baan: / jy sal sy volk eers moet verlig
met kennis van die saligheid; / want God skeld nou die sondes kwyt
uit innerlike erbarming. / Nou rys 'n ligglans aan die donker boog,
nou sal die Heer op hart en oog / die lewenslig laat neerstraal van omhoog.

Skriflesing: Johannes 1:1-18; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:31

Kernvers: Johannes 1:18

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. (Johannes 1:18 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbeding gedurig deur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15.
(d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6;
Sag 9:9; Matt 21:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Open 12:10, 11.

Tema: Jesus Christus – die hoogste Profeet en Leraar

Geliefde gemeente van Jesus Christus, in verlede Sondagaand se gesprek het die gelowige net op die eerste deel van die antwoord oor hoekom Jesus *Christus* genoem word, gekonsentreer. Vanuit die Woord is daar aan die vraagsteller duidelik gemaak dat God sy Seun afgesonder het vir die amp as Christus, en nadat Johannes Hom gedoop het, is Jesus deur die Vader bevestig in die amp en gesalf met die Heilige Gees.

Jesus se amp as Christus is drievoudig, so het die gelowige dit al gesê in die antwoord en in die gesprek verlede week genoem. Jesus se amp behels dat Hy Profeet, Hoëpriester en Koning is. Toe die gelowige hierdie drievoudige amp van Christus genoem het, het hy al die vraagtekens in die oë van die ongelowige opgemerk. Vir gelowiges wat gedurig die Woord van die Here lees is hierdie begrippe – Profeet, Hoëpriester en Koning – nie vreemd nie. Maar vir iemand wat weinig kennis van die Woord het, is hierdie begrippe tot 'n groot mate buite sy verwysingsraamwerk.

In die leefwêreld van ongelowiges is profete mense wat voorspellings maak van dinge wat in die toekoms gaan gebeur. Die naaste wat baie mense vandag aan 'n priester kom, is om jou te vertel dit is iemand wat swart klere met 'n wit boordjie dra en hy word as *vader* aangespreek. En van 'n koning wat absolute gesag oor sy onderdane het, is heeltemal buite die denkraamwerk van die hedendaagse mens. Die konings wat vandag nog daar is, is tot 'n groot mate net simboliese staatshoofde. Dit is eerder die demokraties verkose regerings wat in lande met konings regeer.

Dit is as gevolg van hierdie wêreldse indrukke wat die ongelowige oor hierdie drie begrippe het dat die gelowige besef dat hy nie in een gesprek die volle amp van Christus met die vraagsteller kan hanteer nie. Daarom besluit hy om elkeen van hierdie drie dele van Christus se amp afsonderlik te hanteer. In vanaand se gesprek sal hy konsentreer op die feit dat Jesus deur die Vader bevestig en met die Heilige Gees gesalf is ***tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het.***

Toe die gelowige weer 'n keer sê dat Jesus Christus die Profeet en Leraar vir die gelowiges is om God se verborge raad en wil aangaande hulle verlossing aan hulle bekend te maak, het daar weer 'n frons by die vraagsteller gekom. Hy was nog altyd onder die indruk dat profete net voorspellers van toekomstige dinge is, maar nou hoor hy iets anders. Hy hoor niks van die toekoms nie, maar wel van die verborge raad en wil van God oor iets wat volgens die gelowige klaar gebeur het – die verlossing van gelowiges deur Jesus Christus.

Broers, susters en kinders, dit is hier waar 'n mens nou versigtig moet wees om nie in 'n vrugtelose geredeneer te verval oor wat 'n profeet is of nie. Maar een ding is baie seker dat die profete in diens van die Here nie voorspellings gemaak het op grond van wat hulle gedink het gaan gebeur nie. 'n Profeet het sy mond net oopgemaak as die Here vir hom gesê het wat hy aan die volk bekend moet maak. Dikwels moes die profete in opdrag van die Here die volk terugroep na die verbondsverhouding wat die Here met hulle het. Dan het die Here sy volk laat hoor hoe Hy hulle verlos het en hoe hulle nie die Here se verlossingsliefde met 'n gehoorsame en toegewyde lewe beantwoord het nie. Ander kere het die profete in opdrag van die Here aan sy volk verkondig wat Hy gaan doen as die volk hulle nie tot die Here gaan bekeer nie.

Wat die profete ook al in opdrag van die Here aan sy volk moes verkondig het, daar is 'n lyn wat deur al die verkondigings van die profete gaan. Dit is die Here se wil in verband

met die verbondsverhouding wat die Here self met sy volk tot stand gebring het. Maar dit gaan oor meer as net die wil van die Here. 'n Mens kan te hore kom wat die wil van die Here is, maar net die feit dat iemand weet wat die wil van God is, is nog nie 'n waarborg dat hy aan die wil van God gehoorsaam gaan wees nie. Die farao van Egipte het ook geweet dit is God se wil dat hy die Israeliete uit Egipte moet laat trek, maar hy het geweier om dit te doen, want hy het nie geweet wie die Here werklik is nie. Daarom het die Here telkens saam met sy wil Homself ook nog duideliker in die woorde van die profete geopenbaar.

Wanneer 'n mens die Here beter leer ken, kry 'n mens ook beter begrip vir dit wat Hy van jou verwag. Let nou op wat skryf die Heilige Gees vir ons in ons kernvers:

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. (Johannes 1:18 AFR53)

Hoor ons wat die Seun van God kom doen het toe Hy die mens Jesus Christus geword het. Hy het God die Vader aan ons kom verklaar. Die woord wat ons met *verklaar* vertaal, is dieselfde woord waar die woord *eksegese* vandaan kom. Wanneer iemand eksegese doen, verklaar hy wat in die Bybel geskryf staan. So iemand maak die Bybel vir ander mense verstaanbaar.

As Profeet is dit Jesus Christus se opdrag om God die Vader aan die mense te verklaar, sodat hulle Hom behoorlik kan leer ken. Baie mense weet dat God bestaan, maar dit sê nog nie dat jy Hom ken nie. Op hierdie punt neem die gelowige die vraagsteller net weer terug na Sondag 3. In die antwoord op die heel eerste vraag het die gelowige nog aan hom vertel hoe volmaak die eerste twee mense was wat God geskep het. Hulle is na die ewebeeld van God geskep. Dit beteken dat God hulle in ware geregtigheid en heiligheid geskep het, sodat hulle God as die Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3:6). Die eerste twee mense was so goed, regverdig en heilig dat hulle met hulle wil in alles met die wil van God ooreengestem het (Nederlandse Geloofs-belydenis, Artikel 14).

Die eerste twee mense het God dus geken. En aangesien hulle heilig en sonder sonde was, was daar niks wat hulle verhinder het om God elke dag van hulle lewe nog beter kon leer ken nie. Maar toe breek daar 'n droewige dag aan. In plaas daarvan dat Adam en Eva volhard het om die Here te glo, laat hulle hulle verlei en luister moedswillig vir die duiwel. Op daardie dag van die sondeval het die mense hulle volmaakte kennis van God en die vermoë om God nog beter te leer ken, verloor. In die plek van al die uitnemende gawes wat die mense voor die sondeval gehad het, het hulle nou blindheid en verskriklike duisternis oor hulleself gebring.

Hierdie blindheid en duisternis het oombliklik by die eerste twee mense ingetree. Toe hulle God in die tuin van Eden gehoor het, het hulle vir Hom weggekruip, want nou het hulle bang geword vir Hom. Was dit nie vir God wat in sy barmhartigheid nog steeds met die mense gepraat het nie, sou alle kennis van die enigste lewende God van daardie eerste dag van die sondeval af geheel en al tot niet gegaan het.

Daarom het God van die dag van die sondeval af met die mense gepraat. In sy groot genade het die Here nog aan die eerste twee mense die vermoë gegee om sy stem te hoor en te verstaan. Maar hoe verder die geskiedenis van die mensdom van die sondeval af gevorder het, hoe moeiliker het dit vir die mens geword om direk na die Here te luister wanneer Hy met hulle praat.

Nadat die Here sy wet aan die volk gegee het, het die volk gevra dat die Here eerder met Moses praat en Moses moet aan hulle die woorde van die Here oordra (Eks 20:18-21). Later het die Here deur Moses aan sy volk die volgende belofte gemaak:

'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister – net soos jy van die HERE jou God by Horeb gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: Ek kan die stem van die HERE my God nie langer hoor en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sterf ek. Toe het die HERE vir my gesê: Dit is goed wat hulle gespreek het. 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self reken-skap afeis. (Deuteronomium 18:15-19 AFR53)

In die verkondiging van Petrus en Johannes aan die Jode in die pilaargang van Salomo maak die Heilige Gees dit aan ons duidelik dat hierdie beloofde Profeet niemand anders is nie as Jesus Christus die Seun van God (Hand 3:22-23). In sy woorde en werke het Jesus God aan ons kom verklaar. Hy het al die newels en valse indrukke wat mense van God gehad het kom wegneem. Die lewende God is nie onbetrokke by sy skepping en in die lewens van mense nie. Inteendeel, God is so besorg oor die skepping en die mense daarin dat Hy sy eie Seun gestuur het om Hom helder en duidelik aan mense bekend te maak.

Deur sy wonderwerke in die natuur, soos die stilmaak van die storm op die see, het Jesus God bekend gemaak as die almagtige God. Deur sy vermeerdering van brood en die genesing van sovele siekes het Jesus God bekend gemaak as die God vol ontferming vir mense. Deurdat Jesus aan verskeie mense tydens hulle genesing gesê het dat hulle sondes vergewe is, het Hy God bekend gemaak as die God vol genade wat sondes wil vergewe. Deur die opwekking van Lasarus, Jaïrus se dogter en die weduwee van Naïm se seun, het Hy God bekend gemaak as die God wat lewe is en die dood verdring uit sy skepping uit.

Die vraagsteller het aandagtig tot hier geluister en hy het nou al 'n beter begrip van Christus as die hoogste Profeet en Leraar. Maar toe vra hy: Het Jesus nou maar net vir die mense van daardie tyd God verklaar? Hoe kan mense van vandag seker wees dat God ook vir hulle die almagtige, barmhartige en genadige God is? Daarop antwoord die gelowige: Al hierdie openbarings van wie God regtig is deur Jesus Christus in al sy woorde en werke, was nog net die voorwoord van die heel duidelikste openbaring.

Kyk weer na die antwoord in ons Kategismus. Jesus Christus as Profeet het die verborge raad en wil van God aangaande die verlossing van mense ten volle bekend gemaak. Die wyse waarop God in die ewigheid besluit het om mense van sy oordeel en van hulle sondes te verlos, was nog nie aan almal ewe duidelik bekend gemaak nie. Ja, natuurlik word daar in die Ou Testament van die begin af gesê dat iemand gaan kom wat die verlossing sal bring. By die profeet Jesaja is daar helderder flitse van hierdie verlossing en die Verlosser word die Kneg van die Here genoem. Maar selfs met daardie helder flitse het dit nog steeds onduidelik gebly.

Dit is eers wanneer Jesus self aan sy dissipels sy dood en opstanding aankondig dat hierdie verborge plan van God aangaande die verlossing van mense duideliker word. Hy het vir hulle gesê dat Hy in Jerusalem sal ly onder die priesterhoofde en skrifgeleerdes. Uiteindelik sal hulle Hom doodmaak en op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word. Maar selfs nadat Jesus drie maal hierdie aankondiging aan sy dissipels gemaak het, het hulle dit ook nog nie begryp nie.

Dit was eers nadat Jesus uit die dood opgewek is en Hy gedurende die veertig dae na die opstanding met die dissipels gepraat het dat hulle oë regtig begin oopgaan het. Deur sy kruisiging in Jerusalem het Jesus die heiligheid en strenge regverdigheid van God geopenbaar. Die sonde word nie voor die Here geduld nie. Hy veroordeel dit en straf dit met die dood wat dit verdien. Aangesien Jesus die sondes van mense op Hom geneem het, is Hy deur sy Vader as 'n vervloekte behandel. En deurdat God sy Seun uit die dood opgewek het, openbaar Jesus dat sy Vader genadig en barmhartig is by uitnemendheid.

Jesus se dood aan die kruis en sy opstanding uit die dood is die wyse waarop God Drie-enig besluit het om mense te verlos. God wil op geen ander manier mense verlos as deur Jesus Christus nie. En hierdie verlossing is bedoel om aan die hele wêreld verkondig te word. Elkeen wat deur die Heilige Gees wedergebore word, ontvang deur die geloof die heiligheid, regverdigheid en gehoorsaamheid van Christus, want Christus het daardie mens se onreg en sonde op Homself geneem.

As ons hoogste Profeet en Leraar het Christus die weg tot verlossing van sondes ten volle aan ons kom bekend maak. Dit wat Hy met sy woorde en werke verkondig het, het Hy aan die kruis op Golgota uitgevoer. Wie nie na hierdie Profeet wil luister nie, sal aan God self rekenskap moet gee, want daar is nie 'n duideliker verkondiging van God se genade en regverdigheid nie as Jesus Christus.

Amen!

Slotgebed

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
 maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
 Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
 want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
 God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
 Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
 en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Maart 2017